

KORTLIKS:

Volkskool Orania werk op die beginsel van **SELFGEDREWE-ONDERWYS**.

Dit beteken dat die **leerder SELF verantwoordelikheid neem vir leer**, in teenstelling met die tradisionele skole waar die onderwyser alles vir die kind beplan en "ingee".

Tans maak ons leerders van Gr 9 af nie meer gebruik van Kenweb se leermateriaal nie, aangesien ons by die voorgeskrewe uitkomsgebaseerde onderwys (UGO) kurrikulum moes aanpas. Die onderwysbeginsel van selfgedrewe onderwys bly egter steeds van toepassing.

- Die leerder leer om self te beplan en tyd te bestuur (ken datums toe aan weke op die doelwitvel)
- Die leerder leer om die werk self te bestuur (vul die vakverslag in sodra die week se werk voltooi is, asook die weekverslag aan die einde van die kalenderweek).
- Die leerder meet self sy/haar vordering en kan dan herbeplan om die agterstallige werk in te haal, of waar hy/sy voor is, is daar tyd vir hersiening, verrykende aktiwiteite of verlof.
- Die leerder leer dissipline en verantwoordelikheid aan wanneer doelwitte behaal word of nie behaal word nie.

VRYDAGDATUM	WERK AFGEHANDEL		PARAAF	EVALUERING (+ = -)
	WEEK	ANDER OORGEDRA		
22 Jan 10				
29 Jan 10				

Skryf die week hier in wat jy beplan het om mee klaar te wees.

Wanneer jy egter verlof geneem het of siek was, kan jy die vak oordra na die volgende week. Doen herbeplanning, om die agterstallige werk in te haal.

Evaluering: Jy kry

'n + as jou werk 'n week vooruit voltooi is, (2+ vir twee weke vooruit, en 3+ vir drie weke vooruit!)

'n = as jou werk op datum is en

'n - as jou werk nie op datum vir die week is nie (of 2- of 3- as jy agter raak...)

'n < wanneer jy die vak vir 'n week laat oorstaan weens siekte of verlof. Jy moet dit egter weer inhaal...

Wenk: doen jou beplanning in potlood, sodat jy kan herbeplan waar nodig.

Weekverslag

Die weekverslag is 'n konsolidasie van die stand van al jou vakke aan die einde van 'n kalenderweek. Skryf die nommer van die week neer wat jy beplan het, en dan die simbool wat jy behaal het.
'n Voltooide weekverslag kan so lyk:

Datum	22 Jan	29 Jan	5 Feb	12 Feb	19 Feb	26 Feb	5 Mrt	12 Mrt	19 Mrt	26 Mrt
Afrikaans	<	1 =	3 =	5 +						
Engels	1 =	2 =	2 -	4 =						
Wisk G	1 =	1 -	3 =	3 -						
Ens.										

Die byhou van die verslagvorms is die leerder se eie verantwoordelikheid. Dit moet wekliks vir die ouer/onderwyser gewys word sodat hulle jou kan help as jy nog sukkel met beplanning en bestuur.